
# Suid-Afrikaanse Uitvinders, Briljante Gedagtes en Ander Wetenskapshelde

THINK
DIGITAL ACADEMY



# Christiaan Barnard



# Die Heel Eerste Menslike Hartoorplanting

Deur Engela Duvenage




Dit is lank na middernag op Sondag, 3 Desember 1967. Die strate rondom Groote Schuur Hospitaal in Kaapstad is stil.



Elf, Twaalf, Dertien. Dokter Christiaan ‘Chris’ Barnard tel elkeen van die 31 treë wat hy versigtig neem terwyl hy tussen die hospitaal se Operasieteater B en Operasieteater A loop. In 'n bak gevul met 'n spesiale soutwatermengsel dra hy die eerste menslike hart ooit wat in 'n ander mens oorgeplant gaan word.

Christiaan loer weer na die bak om te maak dat niks mors nie. Die vuisgrootte orgaan dobber in die vloeistof.



Dit het jare se opleiding en voorbereiding in Suid-Afrika, Amerika en Rusland geneem vir Christiaan en sy span om gereed en dapper genoeg te voel om die eerste hartoorplanting van die een mens na 'n ander te probeer.



Die eerste deel van die prosedure het behels dat die hart versigtig verwyder word uit die lewelose liggaam van die skenker.Haar naam was Denise Darvall, 'n 25-jarige vrou van Kaapstad wat deur 'n motor getref is. Sy het so ernstige kopbeserings opgedoen dat haar brein nie meer outomaties die lewensbelangrike seine na al die dele van haar liggaam gestuur het om haar aan die lewe te hou nie. Na verskeie mediese toetse gedoen is, het die dokters haar breindood verklaar. Haar familie het ingestem dat haar hart gebruik kan word om nog iemand se lewe te probeer red



In Operasieteater B het Christiaan begin om die skenkerhart kort na middernag te verwyder. Dit was so 'n betekenisvolle oomblik dat sy hande aanvanklik gebewe het totdat hy sy moed bymekaargeskraap en begin fokus het op die taak voor hande.



Intussen, in Operasieteater A, het lede van Christiaan se oorplantingspan van 30 mense, wat sy broer Dokter Marius Barnard ingesluit het, Louis Washkansky voorberei om die skenkerhart te ontvang.



Louis is 'n 53-jarige winkelier. Sy eie hart is te swak om genoeg suurstofryke, lewegewende bloed deur sy liggaam te pomp. Hy is gedurig kortasem en het nie eers die energie om te praat nie. Hy is besig om te sterf.




Die hart wat Christiaan dra, gaan Louis s'n word. Hy is so kalm as moontlik wanneer hy met die inplantingsprosedure begin. Al die nodige stappe neem ongeveer ses ure om uit te voer. Die finale fyn steek wat Louis se nuwe hart aan sy liggaam heg, word om 05:34 deur Dokter Rodney Hewitson gemaak.

Louis se nuwe hart word met 'n elektriese skok van 'n spesiale masjien aan die gang geskop.



'n Spesiale hart-long masjien het Louis aan die lewe gehou sedert sy eie hart verwyder is vir die oorplanting om plaas te vind. Die masjien word twee keer aan en af geskakel voordat die vervangingshart uiteindelik op sy eie begin klop.



Teen laatoggend gaan 'n uitgeputte Christiaan huis toe. In sy motor luister hy na die middag radio-uitsending. Sy baanbreker hartoorplanting is die hoofnuus verhaal!

Joernaliste begin hom bel. Nuus oor die oorplanting se sukses versprei vinnig oor die hele wêreld.



Louis is nog baie swak toe Christiaan hom die eerste keer besoek.

"Weet jy wat ons gedoen het?" vra Christiaan.

"Jy het my 'n nuwe hart belowe... ek veronderstel jy het my een gegee," wag Louis vir ‘n antwoord.

Ses dae na die operasie herstel 'n opgewekte Louis goed.

"In my lewe het ek nog nooit beter gevoel nie... of gelukkiger nie," sê hy vir Christiaan wanneer die dokter hom ondersoek.



Na die operasie het ek wakker geword en alles was anders. Ek het gewonder hoekom. Ek het besef ek snak nie meer na asem nie. Ek haal soveel beter asem omdat ek 'n beter hart het."

Christiaan vra hom oor sy dapper besluit om die proefkonyn te wees vir 'n operasie wat niemand voorheen probeer het nie. Louis se antwoord is kort en kragtig: "Ek het 'n sprong van geloof geneem en gehoop dit was tot my voordeel."

Louis wou die mees basiese van dinge hê: om te lewe.

Sy storie het egter nie 'n gelukkige einde nie, want hy leef slegs 18 dae langer. Hy sterf nie omdat sy nuwe hart hom in die steek laat nie, maar omdat hy die longsiekte longontsteking opgedoen het. Die dokters het hom spesiale medisyne gegee sodat sy liggaam sy nuwe hart sou aanvaar. Dit was immers 'n vreemde voorwerp wat oorspronklik nie aan hom behoort het nie. Daardie deel van die plan het gewerk, maar ongelukkig het dit Louis se immuunstelsel te swak gemaak om die longontsteking kieme te beveg.



Ten minste het Louis se operasie gewys dat 'n hartoorplanting suksesvol gedoen kon word. Drie dae na die eerste oorplanting doen 'n Amerikaanse span ook een, hierdie keer op 'n baba. Op 2 Januarie 1968 voer Christiaan die wêreld se derde hartoorplanting uit op tandarts Philip Blaiberg. Drie maande later ry Philip weer rond. Hy leef nog 'n verdere 19 maande, danksy sy nuwe hart.




Binne 'n jaar ontvang 98 mense wêreldwyd nuwe harte, met gemengde sukses. Christiaan en sy span gaan voort met hul navorsing in Suid-Afrika en Amerika om verskillende aspekte van die oorplantingsprosedure meer suksesvol te maak.



Die oorlewingskoers van pasiënte het beduidend verbeter oor die jare sedert die baanbreker operasie, danksy onder andere beter medisyne wat voorkom dat pasiënte se liggame hul nuwe harte verwerp.



# Oor Professor Christiaan Barnard




**Gebore:** 8 November 1922, Beaufort-Wes – oorlede: 2 September 2001, in Paphos Ciprus

**Gematrikuleer:** Hoërskool Beaufort-Wes, 1940

**Poging:** Amerikaanse dokters het in 1964 'n sjimpansee se hart in 'n mens oorgeplant. Die pasiënt het net 90 minute gelewe.



**Ter erkenning van 'n mediese deurbraak:** Christiaan het honderde eerbewyse, medaljes en geskenke van lande regoor die wêreld ontvang. Baie hiervan word in die Christiaan Barnard-museum in Beaufort-Wes en die Christiaan Barnard-gedenkhospitaal in Kaapstad uitgestal.



**Pyn en vreugde:** Oorplantings is gevul met hartseer en stres. Aan die een kant is daar altyd 'n ernstig siek persoon vir wie 'n nuwe hart die enigste hoop op die lewe is. Aan die ander kant is daar die onverwagte dood van 'n skenker, dikwels as gevolg van 'n ongeluk, wat 'n gesin radeloos en bedroef laat. Die gesin moet toestemming gee dat die persoon se organe in ander oorgeplant word.



THINK

DIGITAL ACADEMY